

Augustus 2018

Nuusblad / Newsletter

Uitgawe 5

Landsdiens bou ‘n toekoms!

Daar is 4 Liefdes in Landsdiens en tydens die Provinciale Kamp het Mpumalanga se landsdiener die liefdes ten volle uitgeleef. Mpumalanga Landsdiens het aan ‘n toekoms begin bou vir die mense wat in die omgewing van Roodeplaatdam woon en wat deur die lewe ‘n paar klappe toegedien is.

Die gedagte het begin by ‘n ou en vervalle shebeen naby die Joy Unspeakable Kampterrein. Die shebeen was ‘n werklike hool en daar het duistere dinge hier plaasgevind as mense so kyk na die gebou. Landsdiener staan egter nie terug nie en toe oom Dries van Joy Unspeakable ons nader om betrokke te raak by die projek het ons gespring om die kans aan te gryp.

Oom Dries se gedagte was om die shebeen te omskep in ‘n gemeenskapsaal en kerk om die gemeenskap te dien. Met die gedagte het die landsdiener in die shebeen ingevaar en van ‘n kant af hom begin skoonmaak en skrop. Drankbottels, rommel en gemors was aan die orde van die dag. Geen landsdiener het egter terug gestaan en voor die einde van die kamp het daar van die shebeen niets oorgbly en het daar in sy plek ‘n skoon gebou gestaan wat reg was om ‘n nuwe baadjie aan te trek.

Dit was werklik ‘n belewenis om elke dag met gebed te begin om God se seën oor die werk te vra. Sendeling Jenny wat al die pad van Texas (VSA) na Suid Afrika gekom het gaan die sentrum bestuur. Met haar gebede is die dag se take aangepak en het elke landsdiener help bou aan ‘n toekoms vir die gemeenskap. Dit was werklik geestelik verrykend om by so ‘n besonderse projek betrokke te kon wees.

Daar was ‘n hoendervleis oomblik gewees toe ons gedurende die laaste dag ‘n groepfoto neem voor die gebou en Jenny haar dank teenoor Landsdiens uitgespreek het.



Landsdiens is goed vir die siel!

Hierdie stelling is ten volle uitgeleef gedurende die Mpumalanga Proviniale Kamp. Die Proviniale Kamp vir 2018 het gedurende die Junie/ Julie vakansie plaasgevind te Joy Unspeakable net duskant Pretoria langs die Roodeplaatdam.


Die kamp het op 'n ander vlak as die normale tipiese provinsiale kamp gefunksioneer. Daar is meer aandag gegee aan die landsdiener se geestelike sy en menswees.

Met aktiwiteite soos "Ek is" en ander spanwerk - speletjies ontdek leerders wie hulle werklik is deur te kyk hoe funksioneer hulle in 'n groep en hoe sien jy as persoon jouself toe elkeen moes verduidelik hoe sy "kleipotjie" lyk wat sy menswees voorstel. Die speletjies het soms jou vaardighede as mens en jou vermoë om te redeneer goed beproef en dit het groepwerk en span - dinamika goed aangewakker.

Daar was ook tyd vir lekker speel deur te roei op die dam, mekaar aan te vat in die "bouncing balls" en met pyl en boog te bepaal wie is dieakkuraatste. SA hengelaars het ook ons landsdieners touwys gemaak langs die viswater deur hulle hengelaars geheime met hulle te deel. Aand-aktiwiteite het Sterrerekyk, Latern bekruip en Landsdiens got Talent ingesluit waar leerders ons behoorlik vermaak het sowel as 'n Karaoke aand waar leerders moes wys wie kan sing en wie nie...

Die hoogtepunt was egter die Hoërskool Kamp se arbeid waar 'n ou shebeen omskep is in 'n gemeenskap saal. Dit het vir die leerders baie beteken omdat hulle deel was van iets wat blywend gaan wees en 'n verskil in ander mense se lewens sal maak. By die Laerskool Kamp het leerders weer om die dam skoongemaak om al die gemors wat uitspoel op te tel en so ons natuur te bewaar.

Die kampterrein was ook besonders mooi en om elke oggend bewuswording op die houtkaai te kon hê terwyl die son opgekom was wel 'n groot belewenis. Een leerder het dit goed opgesom het toe hy gesê het die kamp was lekker omdat dit die drie belangrikste goed gehad het; warm water, genoeg kos en lekker slaapplek.



Liefde vir jou medemens.

Lydenburg Hoërskool het hierdie Landsdiens liefde gestand gedoen toe hulle 'n plaaslike spesiale onderrig skool gaan help het.

Met die somer om die draai het die mure om die spesiale onderrig skool se swembad dringend aandag geverf en het die klub ingespring om hulle te help. Met verf rollers en kwasse in die hand het hulle ingeklim en in 'n japtrap die skool se swembad 'n nuwe kleur gegee.



Vrugte is nie net vir slaai.

Laerskool Kruinpark se landsdieners het gewys dat daar met slaai meer gedoen kan word as die normale...

Gedurende die derde kwartaal het Laerskool Kruinpark handvaardigheid en kreatiwiteit gemeng om 'n heerlike aksie te loods. Daar was beslis iets vir die maag en iets vir die oog.

Landsdieners moes met behulp van vrugte en die rangskikking van die vrugte die vier liefdes van Landsdiens uitbeeld.



Dit het kreatiewe denke tot gevolg gehad en baie van die landsdieners het hier hulself oortref en meesterstukke opgetower.



Jy speel 'n game met my

Morgenzon Landbou Akademie het bietjie teruggegaan in tyd en die ou bordspeletjies gaan afstof uit die stoer.

Weg met Playstations en X Boxes; slangetjies en leertjies was vir een aand weer terug toe Morgenzon Landbou Akademie 'n speletjies aand gehou het waar leerders speletjies kon speel soos in die ou dae.

Leerders kon kennis maak met nuwe en ou speletjies terwyl daar heerlik om die tafel gekuier word.



Speletjiesaand

All about honey...

Bees are now on the endangered species list. This may sound unreal and the question may be ... why does it matter? Bees are one of the most important insects on the planet, without them there would be no fruit, flowers or honey. They are an important part of our ecology.

And it is this lesson that the Land Service members of Laerskool Delmas learned on 29 July. They learned all about beekeeping and how honey is made. They also gained knowledge on the importance of bees and the various roles they fulfil in our society.

They were allowed to dress up like a beekeeper and have an inside look at what a beehive looks like. This was truly an amazing experience.



Kom ons Braai!

Die leerders van HTS Witbank het gewys watter bobaas kokke hulle is toe hulle HTS Witbank se 1 st "Kom ons Braai" kompetisie aangepak het.

Die taak was eenvoudig; jy het slegs 'n uur tyd om 'n liplekker gereg aanmekaar te slaan, die gereg moet op die vuur gemaak word en dit mag 'n hoofgereg of nagereg wees.

Die dogters het sommer vroeg al beindruk toe hulle sommer self hulle



vure aan die brand gekry het sonder enige probleme en sonder hulp van hulle manlike eweknieë.

Die disse wat ten voorskyn gekom het was ongelooflik, self die base van Kyknet sou verstom wees. Die drie beoordelaars het hulself trommeldik geëet aan al die lekker kos.

Daar is sommer tussen die braavleis vure deur gesokkie en word daar heerlik heen en weer gekuier.



Wat is jou naam

Laerskool Kanonkop het vir handvaardigheid gefokus op wat is jou naam...

Leerders het elkeen 'n houtletter gekry waarmee hulle naam begin. Hulle moes dan die letter versier en hulle naam uitbeeld op die letter met behulp van versierings.

Daar was beslis nie 'n tekort aan kreatiewe denke nie.



Liefde Kosmos niks.

Liefde kos mos niks. Die lewensles het die landsdieners van Laerskool Onverwacht en Hoërskool Kriel geleer toe hulle besoek gaan aflê het by die Kosmos Kinderhuis te Kriel.

Tydens hulle besoek het hulle geleer waarom en onder watter omstadinghede word kinders na 'n kinderhuis gestuur.

Hulle het ook ervaring opgedoen oor hoe werk die kinderhuis en die rol wat die huis vir kinders speel om hulle te beskerm.

Daar is ook vir hulle geleentheid gegee om kennis te maak met die kinders en soos dit regte landsdieners betaam het hulle sommer vining maats gemaak en word daar lekker saam gekuier en saam gespeel.



Die einde van somer.

Hoërskool Delmas het die einde van somer gevier deur waterspeletjies te speel in Februarie.

Met winter om die draai word daar vir oulaas saam jou maats in die water gespeel.

Daar was groot opwindingen pret en daar is lekker vir mekaar gelag veral wanneer jy 'n waterballon met jou nek moet aangee en hy bars skielik.



To feed a community

Community projects are of such importance. Sometimes these projects are all that keep some communities from slipping into total obscurity. The Laerskool Numbi Land Service club decided to become part of one such a community project in their area.

Sizwa Bantwana is community project where they have a vegetable garden that feeds 800 kids from the surrounding community on a daily basis. Our Land Service learners decide to show their support by helping out and working in this garden for a day.

Shovels, pitchforks and gloves came out as the learners descended on these gardens. They helped to clean them and plant some new vegetables. This was also a learning experience for the learners on how such a project is run and they also gained some gardening skills that will hopefully benefit them in the future. It would be great to start up more of these vegetable gardens since there are many communities that are in need of such feeding schemes.



Respect for you elders..

Curro Bankenveld showed some love and respect towards their elders when they went for a visit to the Immergroen Old Age Home.



They did not show up empty handed when they arrived for a visit. Each learner handed a flowerpot over as a gift. Then it was time for some tea and cake.

The learners made a real effort to have a nice chat with the elderly over tea since many of them enjoyed the company.

Kamp Lewe

Loperskool Klipfontein het tydens hulle klub kamp te Kwanja Lodge vir leerders gewys waarom landsdiens kampe die hoogtepunt op enige skoolkalender is.

Gedurende April is die tasse gepak en is daar pad gevat na Kwanja Lodge. Alle graad 5 – 7 leerders kon saam gaan kamp. Daar het hulle lekker sakresies gehad, meelrieses gehou en is daar in die rivier geswem.

Daar is tot laataand om die kampvuur gekuier. Al die lekker tradisies van 'n landsdiens kamp is uitgeleef waar daar in die aande gesing word.



Springbok Toekennings

Geluk aan Hoëskool Secunda wat 5 Springbok Toekennings inpalm. Die 5 leerders het deur hulle toegewyheid bewys dat hulle ware landsdieners is.

Dit verg lojale bywoning en harde werk om die toekening te kry in Lansdiens.




Handvaardigheid vir Pa.

Ligbron Akademie vir Tegnologie het besluit om alle pa's die vadersdag te bederf.

Soos ons weet is die meeste pa's aktiewe manne wat altyd besig is met die avontuur. Daarom word daar toe besluit om Paracord sleutelhouers vir die pa's te maak.

Die pa's was omtrent beindruk met die praktiese en oulike geskenk.



Minute to Win it

Loperskool Secunda het gewys wat steek in hulle toe hulle 'n Minute to win it kompetisie gehou het. Die talente van sekere leerders om die onmoontlike te doen het menige personeellid se mond laat oophang.

Daar was verskeie stasies waar leerders 'n uitdaging moes voltooi voor sy span na die volgende stasie kon aanbeweg. Die uitdagings het gewissel van fisiese



uitdagings tot flink dink uitdagings. Alles geskied natuurlik teen tyd so jy het ook nie tyd om die heeldag te neem om 'n uitdaging uit te pluis nie. Dit lei natuurlik tot skreeu - snaakse oomblike omdat uitdagings halsoorkop aangepak word met rampspoedige gevolge.



Liefde vir die Natuur

Taalfees se Landsdiens het besluit dis tyd om hulle liefde vir die natuur te beoefen en dan sommer so bietjie handvaardigheid by te sit.

Leerders moes hulle eie "Bird Feeders" maak. Dit het tot verskeie interessante prototipes geleid. Leerders het dan die "Bird Feeders" in die skool se tuin gaan plaas om so dan voëls na die skool se tuin te lok.



Dankie #5000 Lede We Made it

#MPUMALANGA LANDSDIENS
#LekkerLeve

Liefde vir: God, Natuur, Arbeid, Naaste

WAAR JOU TOEKOMS GEVORM WORD

Follow us [f](#) [i](#)

7